ecsponent
belê met die tye

ecsponuus

Belastingdruk neem toe

Die Suid-Afrikaanse ekonomie word gekenmerk deur wanbalanse en dit is veral opvallend as dit by belastingbetaling kom.

Uit 'n bevolking van sowat 54 miljoen betaal slegs 3,3 miljoen mense vandag 93% van alle inkomstebelasting in Suid-Afrika, volgens Paul Joubert, senior navorser by Solidariteit Navorsingsinstituut.

Boonop betaal net een uit tien volwassenes vandag noemenswaardige belasting – wat dui op 'n bitter klein belastingbasis in ons land.

Persoonlike inkomstebelasting is die grootste bron van belastinginkomste en het van 34% in 2013 tot 35,8% in 2014/15 toegeneem.

Belastingverligting vir individue is ook besig om al minder te word. In 2013 is daar tydens die staatsbegrotingstoespraak belastingverligting van R7 miljard vir individue aangekondig en R9,3 miljard in 2014. Vanjaar is die persoonlike inkomstebelastingkoerse, buiten die koers van 18%, egter met een persentasiepunt opgestoot.

Jy betaal boonop baie meer belasting as wat jy dink en gaan in die toekoms waarskynlik nog meer betaal.

Neem byvoorbeeld maatskappybelasting. Dit word nie deur die maatskappy betaal nie, maar deur die eienaars, werknemers en klante wat die produkte koop. Dit is die einste mense wat persoonlike inkomstebelasting betaal.

Dink ook maar net aan invoerbelasting, brandstofheffings en natuurlik BTW en dis duidelik dat die meeste belasting betaal word deur die mense met die meeste koopkrag.

Op die rug van 'n uiters beperkte belastingbasis en brose ekonomie is die regering besig om 'n rustelose bevolking met welsynstoelaes en oorbetaalde staatsdienswerkers te paai.

Boonop het die netto leningskuld van die staat tot 'n yslike R700 miljard opgeskiet. Die skuld is teen relatief lae rentekoerse aangegaan en die vraag is hoe die rentelas gedra gaan word wanneer die skuld in die toekomstige hoër rentekoersomgewing oorgerol moet word?

Rentekoerse…hoe raak dit my sak?

Rentekoerse in Amerika gaan waarskynlik vandeesmaand die eerste keer in byna tien jaar deur hul Federale Reserwebank verhoog word.

Wat is die gevolge vir Suid-Afrika? Hoe gaan ons geteisterde ekonomie daarop reageer?

'n Opname van The Wall Street Journal toon dat 92% van ekonome en sakelui verwag dat die Fed op 16 Desember 'n verhoging van .25% gaan aankondig.

Dit volg nadat beter as verwagte werkloosheidsyfers verlede maand vrygestel is. Die werkloosheidskoers in Amerika het skerp gedaal na slegs 5% wat aandui die Amerikaanse ekonomie het sodanig herstel dat rentekoerse verhoog kan word.

Rentekoerse in Amerika is op 'n historiese laagtepunt nadat die huismark en banksektor in die tydperk 2007-09 byna ineengestort het en 'n beleid van "kwantitatiewe verruiming" of lae rentekoerse gevolg is om 'n dreigende depressie te voorkom.

Die ekonomie in die land is egter nou besig om te "oorverhit" wat inflasie/salarisverhogings kan laat toeneem. Rentekoerse of die koste van krediet word dan verhoog om die ekonomie af te

koel en geleidelik te laat groei.

Hul lae rentekoerse het beteken dat globale beleggingsdollars in ontwikkelende lande soos Suid-Afrika belê is waar hoër rentekoerse geld.

'n Verhoging in hul rentekoerse sal egter daartoe lei dat die globale beleggingsdollars uit Suid-Afrika na Amerika vloei, want die beleggingsrisiko is minder in Amerika.

Dit sal beteken die Reserwebank sal die repokoers (die koers waarteen die Reserwebank geld aan banke leen) moet verhoog om Suid-Afrika se koerse aantrekliker te maak en te voorkom dat die beleggingsdollars na Amerika vloei.

Hoe groter die rentekoersverskil tussen Amerika en Suid-Afrika, hoe meer aantreklik is dit vir buitelanders om in ons kapitaalmark te belê. Dit verhoog die vraag na die rand wat ons wisselkoers verstewig en invoere dus goedkoper maak.

Verhoogde rentekoerse maak dit ook duurder om op skuld te koop, wat verbruikers noop om minder te bestee. Dus is daar 'n kleiner aanvraag wat pryse en inflasie laat daal.

As die Reserwebank die repokoers verhoog, dan verhoog die primakoers (koers waarteen banke geld aan kliënte leen) terselfdertyd. In SA is daar altyd 'n verskil van 3.5% tussen die repo- en primakoers.

Die Reserwebank het verlede maand die repokoers met .25% van 6% tot 6.25% verhoog wat die primakoers van 9.50% tot 9.75% opgestoot het. Dit was die derde verhoging die afgelope jaar en die repokoers sal na verwagting aanstaande jaar met minstens een volle persentasiepunt verder verhoog. Buiten die impak van Amerikaanse rentekoersverhogings sal die droogte, verswakking van die rand en die moontlikheid van elektrisiteitsverhogings rentekoerse verder laat styg.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie bly swak volgens Lesetja Kganyago, goewerneur van die Reserwebank, en die mynbou- en landbousektore het in die derde kwartaal verder gekrimp. Die vooruitsig van ontwikkelende markte is duister en die Amerikaanse rentekoersverhoging gaan 'n groot uitdaging vir die lande wees.

Die prys van aandele verlaag egter as rentekoerse verhoog en dit sal beleggers se aandeleportefeuljes en meer spesifiek effektetrustportefeuljes negatief beïnvloed.

Aandele van kleinhandelaars reageer gewoonlik negatief op rentekoersverhogings, omdat 'n groot deel van hul omset op skuld berus. Baie kliënte kan nie die hoër paaiemente bekostig nie en slegte skuld van kleinhandelaars neem dikwels toe as rentekoerse verhoog. Dit beteken die aandeelprys van veral krediethandelaars daal.

'n Koersverhoging maak dit ook duurder vir maatskappye wat hul besigheid met skuld bedryf, omdat die koste van lenings duurder word. Dit kan ook beteken dat nuwe uitbreidings nie aangepak word nie, wat dus die groei van maatskappye demp.

Wat kan ons doen om die impak van rentekoersverhogings in die komende jare op ons beursies te beperk?

Betaal skuld vinniger af

Dit is beter om skuld – veral kredietkaarte – so gou as moontlik af te betaal, omdat die finansieringskoste met die stygende rentekoerse gaan bly toeneem.

Vermy groot verbande

Moenie groot verbande uitneem nie, tensy jy die groeiende paaiemente kan bekostig. Dit is 'n duur fout om jouself in 'n situasie te plaas waar jy jou woning moet verkoop, omdat jy nie die paaiement kan bekostig nie. Dink net aan al die koste wat jy weer moet betaal om 'n goedkoper woning te koop – net die oordragskoste het die afgelope jaar reeds van 8% tot 11% verhoog.

Bly weg van persoonlike lenings

Die koerse van persoonlike lenings sal ook toeneem, namate rentekoerse verhoog. Moet veral ook nie die maksimum lenings neem wat aangebied word nie. Die gemiddelde verbruiker betaal reeds 75% van hul maandelikse inkomste aan skuld af!

Belê in rentekoersverskanste beleggingsprodukte

Belê in finansiële produkte wat aan die primakoers gekoppel is. Dit beteken as die primakoers verhoog dan neem die groei of inkomste toe. 'n Goeie voorbeeld is Ecsponent se Klas C voorkeuraandeel wat 'n koers van Prima + 4% min dividendweerhoudingsbelasting aanbied. In dié geval vermeerder die maandelikse inkomste namate die primakoers toeneem. As die primakoers daal, dan sal die maandelikse inkomste natuurlik ook daal. 'n Belegger kan dus met Klas C die voordeel van verhoogde rentekoerse benut

Hierdie inhoud is slegs vir inligtingsdoeleindes en moet nie as advies beskou word nie.